# *Gebeurtenisse Deur Profesie Duidelik Gemaak*

Laat ons nou ons hoofde buig vir gebed. Ons Here God, groot Skepper van Hemele en aarde, Wat Jesus weer uit die dood gebring het, en lewend met ons vir hierdie tweeduisend jaar, ewig lewend om Sy Woord te bevestig en Dit vir elke geslag waar te maak. Ons is so dankbaar vir Sy Goddelike Teenwoordigheid juis nou, in die wete hiervan, dat ons hierdie groot versekering het, dat nadat hierdie lewe verby is, ons die Ewige Lewe het in die wêreld wat sal kom. Dank U, hiervoor, Here. En daardie hoop, 'n anker vir die siel, wat standvastig en seker is in stormtyd. En wanneer die storms kom, die groot golwe aanrol, voel ons dat ons deur geloof in Hom elke golf kan aanraak.

2 God, help ons vanaand, waar ons kom om die siekes en behoeftiges te bedien. Ons bid, God, dat daar nie 'n siek persoon onder ons sal wees wanneer ons vanaand weggaan nie. Mag elke persoon deur U Goddelike Krag genees word, beide hier en oor die hele nasie, van die verbinding, mag daar nie vanaand 'n kragtelose persoon uit enige gebou of enige byeenkoms uitgaan nie. Mag U Gees hulle genees. Laat die groot Son van geregtigheid, met genesing in Sy vleuels, opkom, die strale van geloof na elke hart uitstuur soos hulle na die Woord luister, die manifestasies van die Heilige Gees hulle sien oortuig dat Hy steeds lewe. Ons bid om hierdie seëninge, Vader, in Jesus se Naam. Amen.

Julle kan maar sit.

3 Ons ag dit sekerlik 'n grootse voorreg om vanaand weereens hier te wees, om—om met die mense te praat en vir die siekes te bid. Ons wil hulle almal groet wat buite in die land is van die—die telefoonverbindings oor die nasie, weereens, vanaand. En so bid ons dat God elkeen van julle sal seën, in die vertroue dat almal wat Christus vanmôre aangeneem het met die Heilige Gees vervul sal word en altyd gelowig en getrou aan Hom sal lewe totdat die lewe hier op aarde verby is, hierdie sterflike lewe. En dan het hulle, deur dit te doen, het hulle Ewige Lewe. Hulle sal nooit sterf in die tydperk wat kom, tot die groot Tydperk waarna ons almal vooruitsien nie.

4 Nou, ons gaan sê, terwyl ek daaraan dink, om nie te onderbreek nie. Broer Vayle is hier, en ek kry hom dalk nie te sien nie. Ek sal. . .Kan ek daardie manuskrip na jou toe

aanstuur as ek in Tucson terugkom? Ek kyk dit deur, het dit nog nie alles gelees nie, en ek sal dit na jou toe terugstuur sodra ek in Tucson kom.

5 Nou wil ek 'n aankondiging maak. Dit is veral vir die kerke oraloor, veral in die Weste, of oral wat wil kom. Ons edele broer, Broer Pearry Green, met die. . .Dis 'n man wat die aanvoerder is hier van dié verbinding van hierdie telefoon. Die Here het dit op sy hart gelê om ons by Tucson te kom besoek, en 'n herlewing by Tucson te begin, wat ons regtig nodig het. En Broer Pearry sal in Tucson wees. As julle met hom in aanraking wil kom, tree net met ons kantoor daar in verbinding. Dit sal die 10de, 11de, 12de en 13de Augustus wees. Hy het dit al lank op sy hart, en ek het vir hom gesê daar's "net een manier om dit van jou hart af te kry, gaan doen dit." En hy is 'n Christenbroer, 'n ware dienskneg van God. En julle mense, in Tucson, ek weet julle sal geseënd wees wanneer hy daar êrens bedien, miskien by die Ramada Inn of waar die Here ook al 'n plek voorsien, hy het dit nie hierop nie. Maar ek weet julle sal geseën word deur te kom, Broer Green aan te hoor as hy die Woord van God uiteensit vir ons, miskien vir die siekes bid, of wat ook al dit op die weg van God se salwing lê om te doen.

6 Ons wil ook vir Broer Orman Neville, Broer Mann bedank vir hierdie wonderlike tyd van gemeenskap met hulle. Hoe is ek bly om te hê, geassosieer te wees met sulke manne soos Broer Neville, Broer Mann, en al hierdie ander predikers hierrond. Ek veronderstel hulle is erken. As julle nie is, deur ons raad en ons kerk hier nie, is ek seker dat God julle hier as Sy diensknegte erken. Mag die Here julle altyd seën.

7 Nou, ek is ietsie hier gevra, op 'n notatjie wat vir my gegee is, om. . .Hulle het nou die aand hier 'n trusteevergadering gehad, op die raad van trustees en diakens, en ek dink die notule is vanoggend gelees voor die kerk. Wat, dis gebruiklik vir ons om dit te doen. Met die besluite wat deur die raad van trustees en diakens geneem is hier in die kerk, natuurlik, kan dit nie almal tevrede stel nie. Ons kan dit nie doen nie. Ek het nie een ding te doen met die trusteeraad of die diakenraad nie. Ek het nie eers 'n stem, tensy daar 'n staking van stemme is nie, en dan moet ek hier wees om dit te doen, Broer Orman Neville neemdaardie tweede stem. Dan moet ons dit onderteken, want ons is deel van die kerk. Maar wat die trusteeraad en daardie rade se besluit wat hulle neem, ons ondersteun hulle sekerlik honderd persent, want dis waarvoor hulle hier is. En hulle besluite is tussen hulle en God. Ek kan nie, kan nie en sal nie, op enige manier, daardie besluit teengaan nie. En nog 'n ding, ek word deur die Regering van die Verenigde State verbied om enige besluit daaroor te neem, so moet asseblief nie vir my vra om hulle besluite reg te maak

nie. Ek kan dit nie doen nie, en ek wil niks daarvan hoor nie. Sien? So moet my nie vra om hulle besluite reg te maak nie. Sien julle die raad, dis wie die besluite geneem het. Goed.

8 Nou in die geval van 'n komende byeenkoms, is dit moontlik, as die Here wil, dat ek hierheen sal terugkom oor sowat vier tot ses weke, of so-iets, vir miskien nog 'n Sondag se byeenkoms. En ek het vanoggend aangekondig ek wil praat oor *God Gemanifesteer In Sy Woord*, en ek sal net nie vanaand die tyd hê nie, en, eerlik, ek het beswaarlik genoeg stem om dit te doen. En dan die skare, daar is amper soveel buitekant as wat daar binnekant is, en, miskien meer, die busse en vragmotors en dinge in ag genome wat daarbuite sit met die mense. Aangeskakel, het die klein uitsending 'n bietjie toegeneem, ons kan dit hoor. Hierdie klein golf, kortgolf van die tabernakel, ons kan dit 'n straatblok ver opvang. En party van die karre is verskeie straatblokke ver, die rye karre, op-en-af, en om en deur die strate, om die tabernakel vanaand. Ek glo nie op enige tyd het ons ooit, sigbaar, meer mense in en om die tabernakel ingeprop gehad as wat ons vanaand het nie. So ons is. . .En baie, baie, baie ry net nader en ry weg.

9 So dit wys maar net: "Waar die Karkas is, sal die arende saamkom." En mag ek vir julle vanaand sê, in hierdie groepie mense, dis 'n internasionale samekoms. Prakties meer as twee derdes van die state van die unie is hier verteenwoordig, behalwe vyf buitelandse nasies, selfs tot Rusland, en oral oor die verskillende dele van die land. Tot onder in Venezuela, uit tot in Jamaika, oor al die verskillende dele van die nasie, is mense hier, honger en dorstig na God. Wat 'n wonderlike tyd!

10 Nou ek wil, alvorens die Bybel gelees word, en sal julle nou vir my bid. Ek—ek gaan 'n klein Boodskap probeer bring, as die Here wil, oor die toeëiening van Goddelike genesing. Want, vanmôre het ons oor redding gepraat. En vanaand gaan ons 'n paar minute oor Goddelike genesing praat, en dan die gebedsry roep en vir die mense bid. Terwyl ons dit doen, buite op die verbindings, waar julle ook al is, selfs buite in die busse en karre rondom, 'n blok of twee van die tabernakel af; wanneer dit tyd word om vir die siekes te bid, as julle nie kan inkom in die gebou nie. . .Wat, julle nie kan nie, is ek nou seker, want deure is oral styf gepak, lankal, en geen plek êrens nie, so bid julle en lê julle hande op mekaar daarbuite. En laat elke prediker wat vanaand ingeskakel is, ook bid vir sy gemeente terwyl die genesingsdienste aan die gang is. Ons glo dat God alomteenwoordig is, oral. Nou voor ons lees of. . .

11 Voor ons—ons bid, wil ons iets uit God se Woord lees. En ek het my—my Skrifte 'n ruk gelede verander, omdat ek die tipe byeenkoms wat ek vir vanaand in gedagte gehad het wou verander, so ek het dit 'n bietjie verander; en dus moes ek my

Skrifte verander, hulle nie verander nie, maar hulle in 'n ander volgorde plaas, van Goddelike genesing, sodat—dat mense sal verstaan.

Laat ons blaai na Lukas, die 24ste hoofstuk. En ons sal by die 12de vers van die 24ste hoofstuk begin, en lees tot by omtrent 34. Dis oor die opstanding van die Here Jesus.

> Toe het Petrus, *maar Petrus het opgestaan en na die graf gehardloop;* en *toe hy neerbuk, sien hy die doeke alleen lê . . . hy het weggegaan huis toe, vol verwondering oor wat gebeur het.*
>
> *En twee van hulle was dieselfde dag op pad na 'n dorp wat agt myl van Jerusalem af was, met die naam van Emmáüs.*

Nou, daar is tien furlong in een—in een myl, so dit was omtrent ses myl.

> *En hulle was in gesprek met mekaar oor . . . hierdie dinge wat voorgeval het.*
>
> *. . . terwyl hulle praat en mekaar ondervra, kom Jesus self nader en loop met hulle saam.*
>
> *Maar hulle oë is weerhou, sodat hulle Hom nie kon herken nie.*
>
> *En Hy sê vir hulle: Watter woorde is dit wat julle met mekaar loop en wissel, en waarom is julle bedroef?*
>
> *En die een wie se naam Kléopas was,* het geantwoord *en vir Hom gesê: Is U alleen 'n vreemdeling in Jerusalem en weet U nie van die dinge wat in hierdie dae . . . gebeur het nie?*
>
> *En Hy sê vir hulle: Watter dinge?*

Nou onthou, dit is Jesus Self, opgestaan, wat praat.

> *En hulle antwoord Hom: Die dinge aangaande Jesus, die Nasaréner, wat 'n profeet was, kragtig in werk en woord voor God en die hele volk;*
>
> *. . . hoe ons hoëpriesters en owerstes Hom oorgelewer het tot* die *. . . tot die—tot die doodstraf en Hom gekruisig het.*
>
> *En ons het gehoop dat* hy *Hy was wat Israel sou verlos; maar nou is dit vandag, met dit alles, die derde dag vandat dit plaasgevind het.*
>
> *Maar sommige vroue uit ons het ons ook ontstel nadat hulle vroeg by die graf was;*
>
> *En toe hulle sy liggaam nie kry nie, het hulle gekom en gesê dat hulle ook 'n gesig gesien het van engele wat sê . . . Hy lewe.*

*En sommige van die wat saam met ons was, het na die graf gegaan en dit net so gevind soos die vroue ook gesê het; maar Hom het hulle nie gesien nie.*

Luister nou; Jesus.

*En Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, . . . harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het!*

*Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid* ingegaan het *nie?*

*En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle* alles *uitgelê, in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.*

*Daarop kom hulle naby die dorp waarheen hulle op reis was, en Hy het gemaak of Hy verder wou gaan;*

*maar hulle het by Hom aangedring en gesê: Bly by ons want dit is amper aand en die dag het gedaal; en Hy het ingegaan om by hulle te bly.*

*En toe Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood en dank; en Hy breek dit en gee dit aan hulle.*

*Toe is hulle oë geopen en hulle het Hom herken, en Hy het uit hulle* gesigte *verdwyn.*

*En hulle sê vir mekaar: Was ons* harte *nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat het en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?*

*Toe staan hulle in dieselfde uur op en gaan na Jerusalem terug en vind die elf en* toe *hulle wat bymekaar was,*

*wat sê: Die Here het waarlik opgestaan en het aan Simon verskyn.*

*Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het en hoe Hy aan hulle bekend geword het by die breking van die brood.*

12 Nou laat ons bid. Liewe genadige Vader, ons dank U vir U Woord, want U Woord is Waarheid, U Woord is Lewe. En U, O Here, en U Woord is Een. So ons bid vanaand, Here, dat U in ons midde sal kom in die krag van U opstanding, en vir ons sal vertoon vanaand, soos hulle wat van Emmáüs gekom het, dat ons ook na ons huise sal terugkeer, sê: "Was ons harte nie brandende in ons nie?" Skenk dit, Here, dis weer amper aand. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

13 Ek wil nou oor hierdie Bybel praat. En my tema vanaand, vir die onderwerp, is: *Gebeurtenisse Deur Profesie Duidelik Gemaak*. *Gebeurtenisse Deur Profesie Duidelik Gemaak*.

14 Nou, die Bybel is 'n ander Boek as alle ander heilige boeke. Die Bybel is 'n ander Boek. Dit is 'n Boek van profesie,

wat toekomstige gebeurtenisse voorspel. En Dit is ook die Openbaring van Jesus Christus. Die hele pad van Génesis tot Openbaring, bring Hom uit in Sy volheid, wat Hy was en is. En die hele volledige Boek, Openbaring 1:1 tot 3, het gesê die Boek is 'n Boek van "Die Openbaring van Jesus Christus," wat die Woord van God is. "Die Openbaring van Jesus Christus," die Woord van God!

15 Nou, alle ander boeke, heilige boeke, is slegs 'n kode van etiek, 'n kode van moraliteit, of 'n kode van teologie. Iets wat. . .Hoeveel het al ooit die Koran, die Mohammedaanse Bybel, en—en die boek van Boeddhiste, ensovoorts gelees? Dis net 'n etiese kode waarvolgens mense moet lewe, hoe hulle moet lewe, maar dit profeteer nie, sê nie iets oor hierdie dinge of oor enige spesiale gawes wat aan enigeen gegee word, enigiets wat sal plaasvind nie. Net soos om by 'n losie of iets aan te sluit. Daarom, wanneer kerke by 'n punt kom dat hulle hulle kerk net 'n losie maak om by aan te sluit, dan is hulle loodreg weg van die Woord van God af.

16 Want die Bybel is 'n lewende, voorspelde getuie van Jesus Christus. En soos die aarde tot sy volheid gegroei het, en ook wingerdstokke tot hulle volheid groei, die dag tot sy volheid groei, is die Bybel in Sy volheid gemanifesteer in die Persoon van Jesus Chrsitus. Hy was die Woord van God geopenbaar, die hele volledige Boek van Verlossing. Die Bybel is God se Woord, wat die toekomstige gebeurtenisse voorspel. Sy gelowiges word deur Sy Outeur aangesê om elke Woord Daarvan te lees en te glo, nie net deel Daarvan nie. Een Woord, om Dit nie te glo nie, kan jy net sowel ophou probeer totdat jy daardie Woord glo. Elke Woord is absoluut 'n deel van Almagtige God; God gemanifesteer, ingedraai in Sy Woord, om aan te toon Wie Hy is. Ons word opdrag gegee, as gelowiges, om elke Woord Daarvan te glo. En Dis geskryf deur die Outeur van God Self. Daar is niemand wat iets Daaraan kan toevoeg of iets Daarvan kan wegneem nie. As jy sou, sou dit 'n fratsliggaam van God wees. Dit sou miskien iets soos ses vingers aan een hand, of—of drie arms, of iets hê, deur iets by te voeg, deur iets daarvan weg te neem en een arm kort wees, of een vinger kort. Dis die volledige Liggaam van Jesus Christus. En in Christus, synde die Manlike, die Bruidegom, word die Bruid ook in Hom verteenwoordig. En hierdie twee is Een. "In daardie dag sal julle weet dat Ek in die Vader is, die Vader in My, Ek in julle en julle in My." Watter volledige prentjie!

17 En die ware gelowiges van hierdie Woord, wat Dit op daardie manier aanvaar, glo Dit, en wag met geduld op Sy geprofeteerde beloftes, elkeen van hulle wat in sy tydperk gemanifesteer sal word. Elke gelowige was op die uitkyk daarvoor. Elke gelowige wat op sy tone was, op die uitkyk, is die een aan wie dit geopenbaar is.

18 Nou kyk in die dae van die koms van die Here Jesus. Waarom het daardie mense Johannes nie herken, wanneer die Bybel duidelik deur Jesaja gesê het: "Daar sal 'n stem wees van een roepende in die wildernis 'Berei die weg van die Here'"? Hulle laaste profeet wat hulle gehad het, wat Maleági 3 is, het gesê: "Kyk, Ek stuur My boodskapper voor My aangesig om die weg te berei." Waarom het hulle dit nie gesien nie? Omdat hulle na iets gekyk het wat al gedoen was, hul gedagtes gebaseer het op een of ander boodskap wat vantevore uitgegaan het, en nie die teenswoordige manifestasie van God in die dag waarin hulle gelewe het, gesien het nie.

19 En Christene, oral, dis presies waar die wêreld vanaand staan. Sonder teenspraak, dis die waarheid! Christene, oral, probeer terugkyk na een of ander kode van etiek wat Mnr. Luther geskryf het, of Mnr. Wesley, Sankey, Finney, Knox, Calvyn; waarvan nie een van ons kan kwaadspreek nie, maar dit was in 'n dag wat verby is.

20 Die Fariseërs het teruggekyk om te sien wat Moses gesê het, en hulle het gesê: "Ons het vir Moses. Ons weet nie waarvandaan U gekom het nie."

21 Maar onthou, toe Moses hier, hulle het nie geweet waarvandaan hy gekom het nie. Sien? En nou het hulle... Geen wonder Jesus het vir hulle gesê: "Julle versier die grafte van die profete, en julle is die een wat hulle daarin gesit het," nie. Nadat hulle Boodskap verby is! 'n Boodskap gaan deur, die mense sien Dit, hulle spot Daarmee (die wêreld doen dit). En dan, nadat die boodskapper klaar is en die Boodskap gelewer is, dan bou hulle 'n denominasie op die Boodskap. En daar sterf hulle, net daar, kom nooit weer tot die Lewe nie.

22 Kyk net 'n oomblik, na sommige van julle mense, en ek praat veral met julle Katolieke mense. Besef julle, het julle al ooit die werklike geskiedenis gelees, die geskiedenis van die Rooms Katolieke kerk? Hoedat op julle martelaarsrol, sedert Sint Augustinus van Hippo, hoeveel miljoen onskuldige mense wat die kerk doodgemaak het! Ek vergeet, kan nie die presiese getal onthou nie, maar dis daar in die miljoene, sedert Sint Hippo van...Sint Augustinus van Hip-...van Hippo, Afrika, dit 'n verklaring gemaak het dat dit absoluut die wil van God is om enigeen dood te maak wat teen die Rooms Katolieke kerk protesteer. Besef julle dat daarin, dat Sint Patrick nooit erken is voor na sy dood, as 'n Rooms Katoliek nie? Hy het teen die pous en al sy handelinge geprotesteer, en die Katolieke kerk self het tienduisende van sy kinders doodgemaak. Het julle geweet dat die Katolieke kerk Jeanne D'Arc verbrand het, daardie klein geheiligde vroutjie, op die brandstapel, omdat ge-...gesê sy is 'n heks. Tweehonderd jaar later, die liggame

van die priesters opgegrawe, toe hulle uitgevind het dit was verkeerd, en hulle in die see gegooi, sonder om hulle in die heilige grond te begrawe, om boete te doen.

Moenie dat die dag oor julle kop gaan, en dwaas wees nie.

23 Hoe graag sou daardie priesters, vanaand, na vore wou kom, wat Jesus veroordeel het. Al ding, hulle het nooit die voorspelling van daardie uur gesien nie. As hulle. . .Jesus het gesê: “Ondersoek die Skrifte, want Daarin dink julle,” of, liewer: “maak julle aanspraak dat julle die Ewige Lewe het, en die Skrifte is wat vir julle sê Wie Ek is,” vir daardie uur.

24 Let op, die Bybel kan nie faal nie. Dis een ding wat Dit nie kan doen nie, die Woord van God, faal nie, want Dit voorspel Sy Outeur se dade voor Hy dit doen.

25 Nou, daar’s een kans uit ’n duisend dat ’n mens ’n voorspelling kan maak dat een of ander ding gaan gebeur, en dit sal gebeur. Maar dan as hy plaas *waar* dit gaan gebeur, bring dit hom af na miskien een kans uit tienduisend. As hy die *dag* noem dat dit gaan gebeur, bring dit dit af, een kans uit omtrent ’n miljoen. En met *wie* dit gaan gebeur, dit bring dit af na biljoene kanse.

26 Maar hierdie Bybel sê vir jou presies *wie*, *wanneer*, *waar*, en *waarvoor* om te soek, en het nooit een maal gefaal nie. Daarom, in ’n besprekinkie onlangs, met ’n priester van die Heilige Hart kerk hierbo; hy het gesê: “Mnr. Branham, jy probeer ’n Bybel redeneer.” Het gesê: “Dis die geskiedenis van die kerk.”

Ek het gesê: “Dis nie geskiedenis nie. Dis God, Self, in druk.”

Hy het gesê: “God is in Sy kerk.”

27 Ek het gesê: “God is in die Woord. En enigiets teenstrydig Daarmee, laat dit ’n leuen wees. Want Hy het gesê: ‘Laat My Woord waar wees en elke mens se woord ’n leuen.’”

Hy het gesê: “Ons moenie redeneer nie.”

28 Ek het gesê: “Ek het jou nooit gevra om te redeneer nie, maar die Bybel sê wel: ‘Kom, laat ons saam redeneer.’”

29 Dit voorspel die Outeur se handelinge voor Hy dit doen. Daarom, deur dit te sê, dan plaas dit elke man en vrou, voor die Oordeelsbank, sonder enige verskoning. As jy neem wat die Metodis Daaroor sê, wat die Baptis Daaroor sê, wat die Katoliek sê, wat die Pinkster sê, of enige ander kerk, mag jy ’n paar teleurstellings by die Oordeel kry. Maar as jy net kyk na wat die Bybel sê gaan gebeur, en wanneer dit gebeur, dan sal jy herken dit wat gebeur.

30 Nou, dit is nie oop en bloot sigbaar dat alle mense dit kan sien nie, want Jesus het God gedank dat dit vir die oë van

die wyses en verstandiges verberg is, en openbaar sal word aan suigelinge wat wil leer. Dink aan die Almagtige God wat in Sy Eie Woord sit, met mag om die rykes en voorbariges en—en opgevoede geleerdes te verblind, hulle oë te verblind sodat hulle Hom nie kan sien nie, en die oë van die armes en ongeletterdes te open.

31 Let op hierdie mense van Emmáüs, Hy het gesê hulle—hulle verstaan van Hom is weerhou. Hulle het met Hom gepraat en het nie eers geweet Wie dit was, die heeldag nie. God kan dit doen, want Hy is God.

32 Dis presies wat Hy gedoen het met daardie priesters, daardie skrifgeleerdes, want Dit was geskrywe dat Hy dit moes doen. God het hulle oë verblind sodat ons 'n kans sou hê. Let op, hulle kon nie sien nie, ongeag hoeveel geleerde, hoeveel priester hulle was, wat hulle gedoen het nie, hulle kon Dit steeds nie sien nie, want hulle was blind. Hulle sig mag twintig-twintig gewees het, fisies. Maar hulle geestelike sig!

33 Dieselfde ding wat ek vanmôre probeer sê het oor die egbreuk van vroue, met die manier waarop hulle nou aantrek. Hulle is egbrekers. In God se Boek is hulle skuldig aan egbreuk elke keer wat hulle uitlokkende klere aantrek. Hulle siel, onwetend. Ek glo daardie vroue, baie van hulle, duisende van hulle, is onskuldig, en sal op geen manier egbreuk pleeg nie. En die arme vroue, met iemand wat hulle daarmee laat wegkom, sonder om dit te ontmasker en die waarheid te praat, pleeg egbreuk. Wat, het die Bybel gesê: "Die hoer wat op baie waters sit, wat al die konings van die aarde en die mense van die aarde, die kerke ensovoorts, geestelike ontug gepleeg het met haar. En sy was DIE MOEDER VAN HOERE," denominasies.

34 Ons kyk na die Bybel, want God laat ons nie in die duister nie. Hy het die Bybel gestuur om vir ons die gebeurtenisse te voorspel voor hulle gebeur het, en die einste aard en tyd wat hulle sal kom.

35 Nou, dis ietwat soos om op 'n kalender te kyk om te sien wat die datum is. As jy dink, sê dat dit is hierdie Saterdag, Sondag, wat is dit? Kyk op die kalender. Die kalender sal vir jou sê watter dag dit is. As jy die optrede van die mense sien, miskien aan die kerk toe gaan, jy sien die—die. . .hoor die klokke lui, jy wonder watter dag dit is. Kyk op die kalender, dit sal vir jou sê watter dag dit is.

36 En as jy sien die kerk word wêrelds, soos dit in die dae van Sodom was, sien die kerkwêreld gaan almal in die. . . aanbid "die god van hierdie bose tye," en dit sien; dan 'n klein minderheidsgroepie vergader sien onder die inspirasie van God, weer die Lewe van Jesus Christus sien voortbring, deur die Skrifte wat veronderstel is om te gebeur, weet jy in watter uur jy lewe.

37 Hierdie Bybel voorspel, deur profesie, in watter dag ons leef, en in watter tyd ons leef, en watter soort van gebeure behoort plaas te vind. Dit voorspel dit presies tot op die letter, en het nooit die hele tyd een tydperk oorgeslaan nie. Nie een maal was dit ooit verkeerd nie, en Dit sal nie wees nie, want wie voorbestemd is om dit te sien sal dit sien. Jesus het gesê: "Geen mens kan na My kom tensy My Vader hom trek nie, en almal wat die Vader My gegee het, sal kom." Dis die Woord wat by die Woord aansluit. Dit kan niks anders doen nie. Ons weet dit, die dag waarin ons lewe.

38 Maar soos dit in elke tydperk was, het mense die mens sy eie interpretasie aan hierdie Woord laat gee, en veroorsaak dat hulle verblind is vir die gebeurtenis wat plaasvgevind het. Dieselfde ding wat dit met die Fariseërs en Sadduseërs gedoen het. Selfs toe Paulus daar gestaan het en die Skrif probeer aanhaal het, en een man hom deur die gesig geslaan het omdat hy die hoëpriester 'n witgekalkte muur genoem het. En toe het hulle nie gesien dat God Sy geprofeteerde Woord bevestig nie.

39 Sien, die Bybel weerspreek Homself nie; die Bybel is God. Daar's geen teenspraak in God nie; Hy's volmaak.

40 Maar die mense, met hulle eie interpretasie! Nou let op, laat ek julle wys, vriende. Die kerke kan self nie saamstem oor die 'terpretasie Daarvan nie. Die Metodis kan nie met die Baptis saamstem nie, die Baptis die Presbiteriaan, die Presbiteriaan die Pinksters. En met omtrent veertig verskillende organisasies van Pinkster, kan hulle nie met mekaar saamstem nie. So julle sien, dit sou weer Babilon kon wees, verwarring.

41 Maar God doen Sy eie interpretasie van Sy Woord. Hy het hierdie ding belowe, en dan doen Hy dit Self. Hy gee, Self, die interpretasie Daarvan, want Hy maak Homself in daardie uur bekend. Hoe ver die—die Liggaam van Christus gevorder het, van die voete tot die kop!

42 Let op, dan is dit die rede dat hierdie mense dit nie kry nie, want hulle luister na wat iemand anders Daaroor sê, in plaas van die Woord te lees soos Jesus hulle gesê het om te doen: "En Dit is Dié wat van My getuig. Ondersoek die Skrifte, in Hulle dink julle dat julle die Ewige Lewe het, en Dit is Dié wat van My getuig." Met ander woorde, luister: "Wat? Lees die Skrifte en kyk wat die Messias veronderstel was om te doen. Kyk wanneer die Messias veronderstel was om te kom. Kyk wie die Messias sou voorafgaan. Kyk na die uur. Daar moet 'n stem wees van een roepende uit die wildernis, Johannes. En julle het aan hom gedoen presies wat julle gelys was. Kyk wat Ek veronderstel was om te doen wanneer Ek kom. En nou wat het julle gedoen? Het Ek nagelaat om Dit na te kom?" Sien, Jesus wat praat: "Het Ek nagelaat om Dit na te kom?"

43 Let op, soos ons vanmiddag deur die Skrifte heen aankom, hoedat alles wat van Hom geprofeteer is, gebeur het presies net soos dit veronderstel was om te doen. Hulle moes hierdie gebeurtenis geken het. “Hierdie fanatiese jongman het opgestaan, omtrent drie-en-dertig jaar oud en . . . of dertig jaar oud, en het daar af gegaan en aanspraak gemaak op allerhande soorte Ligte, en Duiwe wat neerdaal. En, wel, dit was net ’n—’n skande.” Hulle het gesê: “Hy is gebore met buite-egtelike ouers, het aanspraak gemaak daarop dat Hy gebore is met ’n maagdelike geboorte.”

44 Behoort hulle nie te geweet het dat Jesaja gesê het, in Jesaja 9:6: “Vir ons is ’n kind gebore,” nie? Behoort hulle nie ook te weet dat die profeet Jesaja gesê het: “’n Maagd sal swanger word,” nie? Hulle behoort hierdie dinge te geweet het. Maar, julle sien, die ding was, hulle het dit êrens ver vorentoe toegepas. En hierdie Man, volgens hulle, het nie aan die vereistes voldoen nie. Maar Hy het hulle gevra: “Ondersoek die Skrifte, want julle dink in Hulle het julle die Ewige Lewe, en Hulle is die einste ding wat van My Boodskap getuig.” Nie wat een of ander teoloog gesê het nie; maar wat God, Sy Eie Woord, gesê het sal plaasvind! Amen!

45 So is dit nou! Ondersoek die Skrifte, want Hulle is die Een wat vir ons sê in watter uur ons lewe, vir ons presies sê wat in hierdie dag sal plaasvind. Hulle is Diegene waarop julle moet staatmaak, want Hulle is die Een wat getuig van die Persoon van Jesus Christus. Want die Bybel het gesê, dat: “Hy’s dieselfde gister, vandag, en vir altyd,” want Hy’s die openbaring van die Woord in die tydperk. Kan nie anders wees nie.

46 Daarom deur te luister na die mens se interpretasie, sien hulle die bevestiging van God se Woord vervul, hulle sien Dit nie raak nie. Want, dis die hele tyd aan die gang, maar omdat hulle luister . . . En Jesus het gesê: “Hulle is blinde leiers.” En as die blindes die blindes lei, wat gebeur met hulle? Nou onthou, die Bybel het voorspel dat hierdie kerklike tydperk van hierdie Laodicése Tydperk blind is. Hulle het Hom buite die kerk gehad. Daar is nie ’n ander tydperk, ’n ander kerkeeu, dat Jesus aan die buitekant was nie. Maar die Laodicése kerkeeu, was Hy aan die buitekant, het weer probeer inkom: “Ek staan by die deur en klop.” Hy’s veronderstel om binnekant te wees. Maar Hy het gesê: “Omdat julle sê: ‘Ek is ryk, het vermeerder in goedere, het aan niks behoefte nie’ en nie weet nie, nie weet dat julle blind is, die blindes lei nie, arm in gees, ellendig, beklaenswaardig, naak, en dit nie weet nie.” Watter toe- . . . As ’n mens naak is op straat, beklaenswaardig, blind en geweet het hy het genoeg verstand dat jy hom kon sê hy is naak, sou hy iets daaraan probeer doen het. Maar as hy sy kop skud, sê: “Ek wil Dit nie hê nie. Wie is jy om vir my te sê wat om te doen? Ek weet waar ek staan.” Nou as dit nie ’n bejammerenswaardige

toestand is nie, weet ek nie. En dis presies waarin die God van hierdie Bybel gesê het dat die kerk sal wees, in hierdie bose tydperk tans, in die laaste kerkeeu waar ons lewe.

47 Let op, maar aan die mense: “Dié wat Ek liefhet, bestraf Ek.” Nou, as jy bestraf word deur die Here, oor wat jy doen, kom dan daaruit! Kom weg daarvan. “Dié wat Ek liefhet, bestraf Ek.”

48 Nou, aangesien God nou, wat as daardie Fariseërs sou gesê het: “Wag ’n bietjie. Daardie Man het ’n taamlike uitdaging tot ons gerig, Hy het gesê: ‘Ondersoek die Skrifte, want in Hulle dink julle het julle die Ewige Lewe; Hulle getuig van My.’ Ek moet liewer daar in die Skrifte kyk en uitvind wat Hy veronderstel is om te doen, Wie Hy is, wat veronderstel is om te gebeur. Ek behoort daar te kyk en uit te vind”? In plaas daarvan het hulle na die priesters gegaan en hulle gevra: “Wat Daarvan?” Sien die verskil? Hulle was veronderstel om die Woord te lees.

49 In Hebreërs 1:1, het die Bybel gesê: “God het baiekeer,” dit is: “in die ou tyd en op baie maniere die Bybel geskryf deur die profete.” Nou let op, Hy het die Bybel op Sy Eie gekose manier geskryf. Sien? Nou, Hy hoef Dit nie so te geskryf het nie, ook hoef Hy die mens nie deur Bloed te gered het nie. Hy hoef nie die Evangelie deur mense te laat preek het nie; Hy kon die son of die maan of die sterre die Evangelie laat preek het, Hy kon die winde die Evangelie laat neurie het. Maar Hy het die mens gekies! En Hy het die manier gekies waarop Sy Woord gekom het, en dit was deur Sy profete wat uitverkies en voorbestem was, synde ’n deel van God se Woord, ter verklaring van die openbaring van Sy Woord vir daardie eeu en daardie tyd. “Want die Woord van God het slegs tot die profete gekom.” Nooit kom Dit tot ’n teoloog nie. Wys my die Skrif. Dit kom net tot profete. God kan nie lieg nie. So God het die Bybel deur Sy gekose metode, en Sy Eie gekose profete, geskryf; nie die profete wat die mens gekies het nie, maar die profete wat God gekies het.

50 Dan wag Sy gelowiges vir die vervulling van wat hulle profeet gesê het, en dis identifikasie dat hulle God se profete is. Want, eerstens, is hulle geïnspireerd. Volgende, hulle bly presies by die Woord vir die uur. Dan is dit sy getuigskrif. Sien, ons het verlede Sondag daardeur gegaan. Baie valse profete sal opstaan. En ons het die illustrasie gegee van hoedat Bileam en Moses, altwee gesalf met dieselfde Gees, een van hulle gesê het: “Ons is almal een. Laat ons saamkom, ons dogters en alles saamvoeg. Ons het mooi dogters hier, en kom julle seuns hierheen en neem vir julle ’n goeie vrou. Dis in die haak, ons is almal in elk geval een volk, dieselfde ras.” God het hulle nooit daarvoor vergewe nie. Hulle het daarna geluister.

51 Sien, die wêreld en die—die mense is op die uitkyk vir een of ander uitweggie, een of ander ompaadjie, een of ander kortpaadjie, maar daar is geen kortpaaie in die Woord van God nie. Daar is een Patroon. Jy moet jouself sny en by daardie Patroon inpas, nie probeer om die Patroon te sny om by jou te pas nie. Almal moet dit doen. Dis die enigste manier wat God het om dit te doen.

52 Let nou op, die gelowiges wag dat daardie Woord bevestig word. Sien, Dit is nie deur die mens geskryf nie, maar deur die Here God, daarom is Dit nie ’n boek van die mens nie.

53 Iemand het gesê: “Dis net ’n paar ou Hebreeuse geskrifte.” Sou die Hebreërs ’n brief skryf wat hulleself veroordeel het? Sou daardie goeie nasie Jode, selftevrede en gepoleerd, sou hulle hul eie ongeregtighede beskryf, hulleself veroordeel? Sekerlik nie. Vertel van sy eie sondes, hoe hulle in afgodery verval het, hoe hulle hoerery gepleeg het teen God se Woord? Nee, nee. Hulle sou dit nooit vertel het, daardie trotse nasie nie.

54 Dis nie ’n boek van die mens nie. Dis ’n Boek van God. En die mens wat die visioene sien of die Stem van God hoor, het dit (baiekeer) self nooit verstaan, in baie gevalle nie. Sien? Die mens het nie die Bybel geskryf nie. God het die Bybel geskryf. Dit is nie . . . Dit is nie ’n mens se boek nie. Dis God se Boek. Dit is God se gedagtes uitgespreek deur menslike lippe. Dis wat Dit die Bybel maak. ’n Gedagte uitgedruk, is ’n woord. En in die begin was God se Denke, Hy het Dit deur die lippe van Sy profete uitgedruk en Dit deur Sy diensknegte bevestig. Sien? Let op.

55 God maak Sy Eie keuses, het deur die uitverkiesing, die profete vir elke tydperk gekies. Let dit op. Hy bepaal die geaardheid van daardie profeet om by daardie tydperk te pas. Sien, Hy bepaal sy styl, wat hy ook al doen. Hy rus hom toe of hy geleerd is of nie geleerd is nie. Hy bepaal die gawes, die manier waarop hy sal preek, die gawes wat hy sal hê. En die Boodskap vir daardie sekere tydperk, God het daardie sekere ding voorbestem om te gebeur en daar is nie iets anders wat die plek daarvan kan inneem nie. Gee nie om wat dit is, hoeveel mensgemaakte prestasies nie, niks kan die plek daarvan inneem nie. Hy het die man voorbestem, miskien ’n onkundige mens. Hy kon vir Hom ’n ander soort mens voorbestem het. Wat hy ook al is, Hy gee hom sy stand, sy—sy gawes, gee hom sy geaardheid, sy styl, en wat dit ook al is, hoe hy homself uitdruk, en wat hy ook al doen. Hy laat die man van die uur die mense van die uur vang. Reg. Hy doen dit.

56 Teen die einde van elke tydperk, wanneer die kerk na die wêreld en sonde gekeer het, en leun op die mens se interpretasie van die Woord. Soos altyd, het hulle steeds, teen

die einde van die tydperk, in so ’n gemors beland deur hulle teoloë en priesters dat dit altyd ’n deurmekaarspul is. Altyd is hulle interpretasie verkeerd, nie een keer was dit ooit nie verkeerd nie. En nie een keer was God se Woord ooit nie reg nie. Dis die verskil.

57 Nou julle sien, God het die Bybel Self geskryf. Nou, God kan praat. Moses het gesê Hy het met Hom gepraat. Jeremia het gesê: “Hy het Woorde in my mond geplaas.” En God kan skryf. Hy het die tien gebooie met Sy Eie vinger geskryf. Hy het op die mure van Babilon geskryf. En, onthou, in die Ou Testament alleen, het die profete tweeduisend keer gesê: “SO SPREEK DIE HERE!” God kan praat, God kan skryf. Sekerlik. Omtrent negentig persent van Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes, is die einste Woord van God Self, Jesus Christus wat praat. So, as God kan skryf, as God kan lees, as God kan praat, kan Hy nie ander dieselfde laat doen nie? Het Hy nie vir Moses gesê: “Wie maak die mens stom of wie gee hom spraak?” nie? God het die Bybel deur die profete geskryf, Sy manier om dit te doen.

58 Nou elke keer dat die kerk deurmekaar raak (en God het vooruit geweet hulle sou, want Hy het alle dinge vooruit geweet), daarom het Hy Sy sekere profeet gereed vir daardie tydperk, om Sy uitverkiesing te roep deur Sy bevestigde Woord van tekens en wonders, en bevestiging van Sy Woord: “bevestig die Woord met tekens wat volg,” soos Hy belowe het. Hy gee die ware interpretasie nadat die profeet self bevestig is.

59 Almal behalwe hulle, die uitverkorenes na wie hy gestuur is, haat hom. Nou, ondersoek elke geval en kyk of dit reg is of nie. Slegs diegene na wie Hy gestuur is! “Hy het na Sy Eie gekom en Sy Eie het Hom nie ontvang nie. Maar aan diegene wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die mag gegee om seuns van God te word.” Let op, geen. . .elke ondersoek van die Woord, in elke geval, en teen die einde van elke tydperk of klimaks of kruispad, soos ek baiekeer daaroor gepreek het.

60 Kyk na die tydperk van Noag, na die klimaks voor die oordeel. Wat het gebeur? Noag, dit was net sy eie familie wat die man geglo het. Die res van hulle het hom gekritiseer. En het die hele wêreld vernietig.

61 In die dae van Abraham, net Abraham se groep wat geglo het. Toe die engele gegaan en vir Sodom gepreek het, het net Lot en sy vrou en twee dogters uitgekom, en sy het omgedraai in ’n soutpilaar.

62 In die dae van Moses, het net die uitverkorenes van Israel uitgekom. En Farao het hom gehaat.

63 In die dae van Elía, het alles (byna) behalwe seweduisend man, elkeen van hulle hom gehaat, die hele nasie.

64 In die dae van Jeremia, wel, hulle het onryp vrugte na hom gegooi, en hom 'n fanatikus genoem, omdat hy vir soveel dae op sy sy gelê het, en die ander sy, en—en dinge geneem en simbole gemaak het. Hulle het hom gehaat.

65 Jesaja die profeet, hy het daardie geslag soveel veroordeel totdat hulle hom met 'n saag in twee gesaag het. Reg.

66 Johannes die Doper. "Hy was 'n wilde man daaronder, een of ander skreeuende maniak."

Almal behalwe—behalwe daardie dissipels wat hy aan Jesus Christus as 'n kerk voorgestel het. Daar is dit. Johannes het 'n volk gereedgemaak. Hoeveel het hy gehad? Jy sou hulle kon tel op beide vingers. . . beide hande, jou vingers, hoeveel Johannes voorgestel het aan Jesus toe Hy gekom het. Nou, wat van Sy tweede Koms? Dink daaraan.

67 Maar wanneer die ware Bybelgelowiges die Woord so openlik bevestig sien vir die tydperk, glo hulle. Daar's geen manier om hulle Daarvan te weerhou, van Dit te glo nie. Hulle verseël selfs hulle getuienis met hulle bloed. Hulle glo Dit. Dis dan dat dit vir hulle is, die voorbestemdes, wat vir daardie sekere tydperk wat sien en glo.

68 Andere kan Dit net nie sien nie; hulle is verblind. Nou, julle sê: "Hulle kan Dit nie sien nie." Nou, soos Bileam, waarom kon Bileam Dit nie sien nie? Hy was 'n profeet, gesalf. Waarom kon Farao Dit nie sien nie? Toe hy die hand van God gesien kom en wonderwerke daar verrig, het dit net sy hart verhard. Is dit reg? Waarom kon Datan Dit nie sien nie, self 'n Jood? Reg daarbuite, het deur die Dooie See gekom, en elke aand die manna geëet, wat vars geval het, en kon Dit steeds nie sien nie. Waaom het Korag Dit nie gesien nie? Waarom het Kájafas Dit nie gesien nie? Hy was die hoof godsdienstige man van die wêreld en daardie tyd. Waarom het hy nie gesien dit was die Messias nie? Waarom het Judas Dit nie gesien nie? Judas was reg by hulle, het met hulle gewandel, wonderwerke saam met hulle verrig. Maar die Woord moes vervul word. Die Bybel sê hulle het opgestaan om daardie plek in te neem. Hulle is opgerig vir daardie doel. Dis waar. Romeine 8 sê dit.

69 Nou die gelowiges kan sien die Woord word vlees gemaak in hulle geslag, God wat praat. Nou, daardie ware gelowiges, daardie seweduisend (of was dit sewehonderd?) in die dae van Elía. Seweduisend is reg. In die dae van Elía was daar seweduisend man uit omtrent twee of driemiljoen, wat gesien het dat Dit reg was. Nie eers 'n honderdste van die mense nie, kwalik. Maar hulle het gesien Dit was reg. Hulle het God gemanifesteer gesien. Daardie ou weduwee na wie Elisa gestuur is, sy het daardie hout gaan optel, om 'n koek te maak, en net genoeg om 'n koek te maak vir haar en haar seun, en dan te sterf. Maar hou Elía dop, hy het gesê: "Maak eers vir

my een. Want, SO SPREEK DIE HERE, die vat sal nie faal en ook nie die kruik droog word, tot die dag dat die Here God reën op die aarde stuur nie." Geen kwessie nie, sy het net daar afgesit om die koek te maak en vir hom te gee. Het gesê: "Maak myne eerste, en gaan maak dan een vir jou en jou seun." Want, sy het na daardie man geluister, en na hom gekyk; sy was 'n voorbestemde saad.

70 Baie van hulle sê: "Daar is daardie ou eksentriek weer. God het ons vervloek vanweë hom," onthou, Elía. Het gesê: "Jy is die beroerder van Israel."

71 Hy het gesê: "Jy is die beroerder van Israel." Sien wie God. . . Wie se Woord het Hy bevestig? Sy Eie Woord.

72 Nou die Bybel sê hulle is opgerig vir hierdie doel, maar toe. . . die—die ongelowige. Maar nou wanneer die ware gelowige die Woord van daardie tydperk kan sien vlees word, God wat deur menslike lippe praat en dan doen presies wat Hy gesê het Hy sou doen, is dit daarmee afgehandel!

73 Kyk nou na die res daarvan. Moenie tekens dophou nie. As jy tekens dophou, sal jy mislei word so seker as die wêreld. Valse profete sal opstaan en tekens en wonders vertoon wat die uitverkorenes sou mislei as dit moontlik was. Kyk na die Woord. Kyk na hierdie priesters, hierdie profete, Hebreeuse profeet wat daar staan. Sedékia, met twee yslike groot horings, en sê: "Ek is 'n verordineerde profeet van God." Dit is waar. "Ek het driehonderd nege-en-negentig hier reg by my, en die Heilige Gees op ons, wat bevestig en sê daardie land behoort aan ons. Laat ons opgaan en dit inneem. En deur hierdie horing, Agab, sal julle die vyand van ons grond afstoot, want God het ons die grond gegee."

74 Hou daardie godsdienstige man dop, goeie man, Jósafat, het gesê: "Het jy nie nog een nie?"

75 "Nog een? Daar is vierhonderd wat saamstem!" Hy het gesê: "Ja, daar is nog een hierrond, maar ek haat hom." Het gesê: "Hy skel ons almal altyd uit en sê ons watter groot sondaars ons is, en alles." Sê: "Ek haat hom! Hy, hy is Miga, die seun van Jimla."

76 Hy het gesê: "O, moenie dat die koning so sê nie. Gaan haal hom en laat ons hoor wat hy sê."

77 Toe het hulle hom daarheen gebring. Hy het gesê: "Gee my vannag en ek sal sien wat die Here daaroor sê."

78 Agab het gesê: "Ek besweer jou, vertel my niks behalwe die waarheid nie."

79 En die man het gekom, gesê: "Nou, as jy weer in goeie gemeenskap wil kom, sê net soos die res van hulle."

Miga het gesê: "Ek sal net sê wat God sê." Sien?

80 Die volgende oggend, het hulle uitgekom. Die koning het hulle klede aangetrek, in die poort gesit, al die vernames. Die profeet wat daar staan. Het gesê: “Nou, fanatikus, wat sê jy daarvan?”

81 Het gesê: “Gaan voort daarheen.” Gesê: “Maar ek het Israel gesien, verstrooid soos skape sonder ’n herder.”

82 Hy sla-. . .het sy hand opgetel en hom op die mond geslaan. Die profeet het die profeet op die mond geslaan. Nou, altwee daardie gesalfde profete het daar gestaan, geprofeteer, vierhonderd teen een, dit het baie sterk gelyk. Nou, in die menigte van raad is daar nie altyd veiligheid nie. Hang af van waar hulle. . .waaroor hulle raad gee, wat hulle raad is. Daar was nie daar veiligheid vir die koning nie, en hy het daardie menigte as reg aanvaar vir hulle raad. Maar as hy net stilgestaan het en die rol teruggedraai het en gekyk het wat Elía pas gesê het.

83 Toe, kon Miga niks sê nie, hy het nie geweet nie, wanneer God hom miskien vergewe het. Maar eerste, synde ’n profeet, het hy na God gegaan om uit te vind wat God gesê het. En hy het uitgevind wat God gesê het. Hy het gesê: “Ek het God op ’n troon sien sit, en Hy het gesê. . .het al Sy raadgewers van die Hemel om Hom vergader gehad, het gesê: ‘Wie kan Ons kry om neer te daal om Agab hierheen te laat kom, sodat Ons andersins die profesie wat oor hom gemaak is kan vervul?’”

84 Sien, profesie, Elía het reeds gesê: “Die honde sal jou bloed lek.”

85 En toe het hy gesê hy “het ’n leuenagtige gees sien opkom van onder af, opkom, opkom voor Hom, het gesê: ‘Ek sal neerdaal en in sy profete ingaan, Agab se profete, en hulle ’n leuen laat profeteer.’”

86 Nou, God het geweet dat daardie manne so opgeblase was en so vol teologie dat hulle gedink het hulle het alles reg. Hulle het nooit die Woord vir die uur opgelet nie. Toe het God gesê: “Jy sal slaag; gaan voort, daal neer.” En toe Miga gesê het, het dit hulle onder ’n bose gees laat profeteer. Hulle sou die prop van die telefoon uitgeruk het, of die radio afgeskakel het, of enigiets gedoen het; hulle het Dit teen hulle hoor kom, het opgestaan en uitgeloop. Maar kyk wat het gebeur. Nou, Miga moes sy visioen met die geskrewe Woord kontroleer, daarom het hy geweet.

87 Hy het gesê: “Wanneer ek kom. . .Sit daardie man in die tronk, gee hom water van verdrukking en brood van verdrukking. Wanneer ek terugkeer, sal ek met hom afreken.”

88 Hy het gesê: “As u hoegenaamd terugkeer, het God nooit met my gepraat nie.” Dis wanneer hy weet sy visioen is volkome by elke Woord vir daardie uur. Dit was Agab se tyd.

89 Broer, suster, dit is die uur en die tyd van die uitroep Babilon uit. Die Aandligte is hier. Wandel in die Lig terwyl dit lig is. Let op, die gelowiges het die Woord gemanifesteer gesien en Dit geglo. Jesus het gesê: "My skape ken My Stem, My Woord, My tekens van die tydperk. 'n Valse een sal hulle nie volg nie."

90 Nou laat ons by ons teks kom, want ek sien ek gaan afdwaal. Ek wil baie op daardie gebedsry klem lê. Laat ons nou terugkom na die teks wat ons onder beskouïng het, hier vir 'n oomblik. Wel, dit sal weer gebeur soos dit altyd het, soos gewoonlik.

91 God het Sy profeet, Johannes, gestuur, soos Sy Woord gesê het, belowe in Maleági 3: "Kyk, Ek stuur My boodskapper voor My aangesig, om die weg te berei." Johannes het van dieselfde ding getuig. En ons vind ook uit, in Jesaja 40:3, dat Jesaja gesê het: "Daar sal 'n stem van 'n profeet wees, een wat in die wildernis roep: 'Berei die weg van die Here.'" Sien? Al daardie profesieë! En—en kyk, let gou op, die Skrif het hom geïdentifiseer.

Toe hulle gesê het: "Wie is jy? Is jy die Messias?"

Hy het gesê: "Ek is nie."

"Is jy Jeremia? Die profete, of een van hulle?"

92 Hy het gesê: "Ek is nie. Maar ek is die stem van een wat roep in die wildernis, soos die profeet Jesaja sê."

93 Dink julle hulle wou dit glo? Nee, meneer. Waarom? Hy het nie deur hulle kerk gekom nie. Hy was nie van hulle. . .Sien, hy het in die wildernis ingegaan op die ouderdom van nege jaar oud, en uitgekom op dertig. Sy boodskap was te groot om deur 'n teologiese skool te gaan; hy was die een om die—die Messias voor te stel. En almal sou hom *hierheen* en *daarheen* trek. En God het hom in die wildernis ingestuur, na die dood van sy vader, Sagaria. En hy was 'n priester, maar hy het nooit die rigting van sy vader gevolg nie.

94 Want, profete kom nie uit sulke dinge soos dit nie. Hulle kom van die ruwe dele, die wildernis. Geen mens weet waar hulle vandaan kom, of hoe hulle op die toneel verskyn, of enigiets van hulle geskiedenis nie. Hulle kom net reguit uit en preek die Woord, en God haal hulle af, en hulle gaan weg; veroordeel daardie geslag, en beweeg voort in Sy Woord in, wag op die groot dag.

95 Die kerk het hom nie geglo nie, want hy was nie aan hulle bekend nie. Hulle het geen rekord van sy ordinering op hulle boeke gehad nie, so dus het hulle hom geweier. Sien, hulle het nie God se bevestigde Woord, duidelik, letter-vir-letter, geglo nie. Sien? Maleági 3, twee Skrifte om hom te bevestig, Maleági

3 en Jesaja 40:3. Sien, altwee daardie Skrifte het van 'n man gepraat wat kom, die weg van die Here voorberei. Hy het aan elke spesifikasie daarvan voldoen.

96 Hy sou 'n profeet wees. "Ek sal Elisa na julle toe stuur." En daar was hy, in elke ruwe opsig. Let op hoe sy geaardheid aangepas het by Elía. Elía was 'n man van die wildernis, so was Johannes; die buitewêreld. Hy was nie 'n gladde man nie, hy was 'n ruwe man.

97 Let weer op, Elía was 'n vrouehater, hy het Isébel vertel van al haar verf, en wat om te doen en te laat. So was Johannes. Isébel het Elía probeer doodmaak, gesweer by haar gode dat sy sy kop van hom sal wegneem. So het Heródias. Sien?

98 Kyk altyd na hulle boodskap, kyk wat hulle gedoen het. Nou ons vind uit dat as hulle sou teruggekyk het en gesien het wat die Bybel gesê het, en gekyk het na die geaardheid van die man en hoe volmaak hy in pas was met die Skrifte en alles, behoort hulle te geweet het dit was hy. Omtrent 'n halfdosyn het dit geweet. Dis reg. Nie meer as 'n halfdosyn het dit besef nie. Hulle het gegaan om na hom te luister, maar hulle het Dit nie geglo nie. Sien? Waarom? Hulle het nie die identifikasie van profesie in hulle uur geglo nie.

99 Let op, hulle het vir hom gelag, hom genoem een of ander "skreeuende, wilde, ongeletterde fanatikus met geen opleiding nie: 'vat, hy issie, pak, dra, aandra,' ensovoorts." Soos gewoonlik oordeel hulle hom aan sy opvoeding. Hulle oordeel hom aan sy grammatika, aan die manier wat hy aantrek. Hy het 'n stuk skaapvel om hom gehad, en 'n kameelvel gordel om, hy was heel harig. Buite in die waters geloop; geen kerk, geen kerkbank, geen samewerking nie; hulle kon dit nie aanvaar nie; hulle het die god van die wêreld aanbid. Sien?

100 Ek bedoel nou nie om te sê dat daar geen valse profete uitkom, soos Jambres en Jannes nie. Maar hoe jy wil maak, is gaan die oorspronklike boodskap na teenoor die Woord, dan het jy dit; watter tydperk dit in is, en wat vir daardie tydperk voorspel is.

101 Toe is Johannes se profesie in God se Eie orde bevestig. Kyk hoe volmaak. Die Bybel het gesê: "Die Woord van die Here kom na die profeet." En Jesus was die Woord. En Johannes het geprofeteer van die koms van die Woord ter vervulling; en Jesus, die Woord, het na die profeet gekom, in die water. O, hoe pragtig! Hoe onfeilbaar is die. . .Sien? Die Woord was 'n skaars ding in daardie dag. Hier kom die profeet, sê: "Ek is die stem van die Woord."

Hulle het gesê: "Wat moet ons doen?"

102 Het gesê: "Ek is nie waardig om Sy skoene los te maak nie. Maar daar is Een wat tussen julle staan, êrens, Hy is die Een

wat julle met die Heilige Gees en Vuur sal doop. Sy waaier is in Sy hand, en Hy sal Sy vloer deeglik reinig, en die kaf met onuitblusbare vuur verbrand, die graan na die graanskuur neem." O, watter profeet! Jesus het gesê daar is nooit 'n man uit 'n vrou gebore so groot soos hy, tot op daardie dag nie. O, hoe grootpraterig! Hoe het hy nie geweet waar hy staan nie! Hy het presies geweet. Hy het van God gehoor, en dit was presies volgens die Woord, so hy het nie omgegee wat mense gesê het nie. Hy het Dit gepreek en Dit in elk geval geprofeteer. En kyk, wanneer 'n man staan vir wat Waarheid is, dan is God verplig om vir daardie man die Waarheid te bevestig.

103 Toe Moses daaronder in Egipte aangekom het, en gesê het: "Ek was in die wildernis oorkant, en ek het 'n boom aan die brand gesien, en dit het nie uitgebrand nie. Ek het na die boom toe gegaan, en, toe ek het, was daar 'n groot Vuurkolom wat daarin hang. En 'n Stem het gesê: 'EK IS WAT EK IS.' En Hy het vir my gesê om hierdie staf te neem en hierheen te kom en hierdie wonderwerke te doen, en God sal Sy Woord bevestig." Het sy staf uitgetrek, daar het vlooie en vlieë gekom, en donkerte ensovoorts. En toe, om daardie profeet te bevestig, het Hy daardie gelowiges reg terug na daardie berg gebring, en God het in dieselfde Vuurkolom neergedaal, reg op dieselfde berg, en bewys dat dit reg was.

Nou kyk wat het Hy in hierdie dag gedoen. Presies.

104 Nou, die Woord het tot die profeet gekom en hom bevestig om die ware persoon te wees, die einste persoon wat die Skrifte gesê het dat hy sou wees. Vinnig nou. Maar, weer, Jesus het in 'n ander vorm gekom as hulle mensgemaakte interpretasie van die profesie. Die mens het geïnterpreteer wat dit sou wees. Sekerlik. Die Presbiteriane dink dat dit hulle behoort te wees. Hou dop wanneer God enigiets doen, kyk hoe elke ander organisasie opstaan met een. Ja, altyd so gewees. Hulle het Jambres en Jannes oral. Let op, hulle het deel van die Woord gesê. Maar, volgens die profeet se Woord, elke Letter!

105 Hulle het dit weer nie raakgesien nie, soos gewoonlik, Hom 'n fortuinverteller genoem: "'n duiwel; Beëlsebub," en gesê Hy het Homself God gemaak, toe hulle behoort te geweet het, deur hulle einste Bybel, dat Hy God was.

Let op, Hy is geprofeteer deur Jesaja, Jesaja 9:6, het gesê: "Sy Naam sal genoem word Die Magtige God, die Ewige Vader." Daar gaan nie meer vaders daarna wees nie, want Hy was die eerste Vader in die begin, Hy's die enigste Vader; gesê: "Moet ook nie enige man van hierdie aarde: 'Vader,' noem, daarna nie." "Hy's die—Die Magtige God, en Die Ewige Vader, Die Raadsman, Die Vredevors." Sekerlik.

106 Nou, hulle het aan Hom gedoen wat al die profete aangedui het dat hulle sou doen, net soos wat hulle doen in hierdie einste

Laodicése Tydperk, Hom uit die kerk uitgesit. “Blind, nakend, en weet dit nie.” Net wat die profeet gesê het, die profeet van die Bybel. Verblind deur die mens se tradisies, sit hulle Hom uit, die Woord uit hulle kerke uit, soos gewoonlik, soos van hulle geprofeteer is.

107 Let nou op, vinnig nou. Moet dit nou nie mis nie. Hier is die teks, hoe Jesus Homself bekend gemaak het aan hierdie twee dissipels dat Hy hulle Messias was! Nou, alle oë hiernatoe. En buite in die land, moet dit nou nie mis nie. Ons het julle probeer vertel dat die Bybel die Woord van God is, geskryf deur God Self, deur die lippe en instrumentaliteit van die mens. God kan Self skryf. God kan Self praat. God kan doen wat Hy wil, maar Hy het die mens gekies om dit te doen, want die mens wat Dit geskryf het is deel van God. So, God het die Bybel geskryf. Die manne het nie eens geweet wat hulle geskryf het, in hulle eie menslike denke nie. Hulle kon Daarvan verskil het, maar hulle het Dit geskryf. Hulle kon nie. Die Bybel het gesê: “Manne van ouds, soos hulle deur die Heilige Gees beweeg is!” God het hulle hande beweeg, het hulle oë in die visioene beweeg. Hulle kon niks sê behalwe waarna hulle gekyk het nie. Hulle kon niks praat nie, want Hy het volle beheer gehad van tong, vinger, elke orgaan van die liggaam was in volle samehang met God. Geen wonder die Bybel het gesê hulle was gode nie, hulle was deel van God! Hy was die volheid van God.

108 Let op hoe Jesus, die Woord, hierdie twee hartseer dissipels laat weet het dat Hy hulle Messias, die Messias, die beloofde Woord was. Let op wat Hy gedoen het, Hy het Hom op profesie beroep. Let op: “Dwase, traag om te glo alles wat die profete geskryf het.” Nou, Hy het nooit gesê: “Wel, wat, wat sê die kerk daarvan?” nie.

109 Hulle het Hom die storie vertel. Hulle het geweet van al die gebeure wat plaasgevind het. Hulle was heel bedroef. Hulle begin Hom vertel: “Is U net ’n vreemdeling hier, of weet U nie wat in Jerusalem gebeur het nie?”

110 Hy het gesê: “Watter dinge?” asof Hy nie geweet het nie. Sien, Hy doen partykeer dinge net om te sien wat jy daaroor sal doen. Sien? Het gesê: “Watter dinge? Wie was dit? Wat het gebeur?”

111 “Is U net ’n vreemdeling?” En het gepraat direk met die Man met wie hulle vir drie-en-’n-half jaar saamgeleef het, en het Hom nie geken nie.

“Watter dinge? Wat het gebeur?”

112 “Wel,” het hulle gesê: “Jesus van Násaret, wat ’n Profeet was. Daar is geen twyfel in ons gemoed nie. Hy was magtig in Woord en daad voor die hele volk. Ons het Hom dinge sien

doen waardeur Hy geïdentifiseer is as die Profeet van God vir hierdie tydperk. Ons weet dit. En ons het geglo dat Hy die Verlosser sou wees, dat Hy Israel sou verlos."

113 Toe draai Hy om en sê: "Julle dwase, traag van hart om te glo dat alles wat die profete van Hom gesê het nie sal uitkom nie?" Sien? Kyk hoe Hy nou na profesie teruggaan. Watter teregwysing vir gelowiges, het daarop aanspraak gemaak dat hulle Hom glo!

114 Let op hoe Hy die saak benader het. Hy het nooit direk uitgekom en gesê: "Ek is julle Messias," nie. Hy kon dit gedoen het, want Hy was. Maar let op, Hy het Homself in die Woord geïdentifiseer, dan sou hulle weet. As Hy dit sou gesê het, kon Hy dit gesê het en dit sou nie so gewees het nie; maar toe Hy gaan begin het om oor alles wat die profete oor Hom gesê het, te praat, en hulle dit gesien het, toe kon hulle self sê, as hulle God se kinders was. Maar het hulle aandag gevestig op wat die profete voorspel het en gesê het om na op te let in die tyd waarin die Messias, Sy tydperk, gemanifesteer sou word. Hy het, soos Johannes, die Woord, die Bybel, hulle boodskap laat identifiseer. Enige ware profeet sou dit doen. Het nie uitgekom en gesê: "Ek is Hy nie. Ek is. . ." Dis nie 'n ware profeet van God nie. Sien? Maar Hy het gesê: "Gaan terug in die Skrifte." Sien, Hy faal nooit Sy manier van dit doen nie. Sien?

Hy het gesê: "Ons ken Moses."

115 Hy het gesê: "As julle Moses geken het, sou julle My geken het." Hy het gesê: "Moses het van My geskryf." Gesê: "Ondersoek die Skrifte, in Hulle dink julle julle het die Ewige Lewe, en die Skrifte is dit wat van My getuig. Gaan en kyk in die Skrifte en sien dit."

116 Hier verander Hy nooit Sy manier van dit te doen nie, het nooit verander nie. Hy kan nooit verander nie, want Hy is die onveranderlike God. Sien? Let op Hy het reg terug na hierdie twee dissipels gegaan, Kléopas en sy vriend, op die pad na Emmáüs, en gesê, Hom op die Skrifte beroep vir hulle, gesê: "Waarom is julle so dwaas om nie te glo dat elke Woord wat die profete oor die Messias geskryf het, vervul sou moes word nie?" O, watter dag!

117 Johannes het dieselfde ding gedoen. "Ondersoek die Skrifte, kyk terug, het gesê daar sou ''n stem van een wees wat roep in die wildernis.' Waar het ek vandaan gekom?" Sien? Dit, dit moes dit vir hulle duidelik gemaak het. Reg!

118 Behoort dit vandag duidelik te maak, die ding wat ons die Heilige Gees sien doen. Hy het eenkeer gesê: "Ondersoek die Skrifte." En ons. . .Hy wil hê ons moet dit vandag doen.

119 Let op, Hy begin met Moses se profesie, het die Bybel gesê: "Hy het begin van Moses en al die profete af," maar Hy het by

Moses begin. "'n Profeet," het Moses gesê: "sal die Here julle God onder julle mense oprig, onder die mense. Die Here God sal 'n Profeet oprig."

120 Nou Hy kon gesê het: "Kléopas, en jou vriend hier, het Moses nie gesê dat die Here God in hierdie dae 'n Profeet sou laat opstaan nie? En hierdie Man wat hulle gekruisig het, het Hy aan daardie kwalifikasie voldoen? Nou, Moses het dit voorspel. En nou het julle vir honderde en honderde jare nie 'n profeet gehad nie, en hier het hierdie Man opgestaan. En wat was hierdie Man se voorloper, het julle gesê?" Begryp julle? En alles wat die profete oor Hom gesê het, vir Sy tydperk, het Hy met hulle bespreek. Dit sou sekerlik interessant gewees het om na Hom te luister. Sou julle Hom nie graag wou gehoor het nie? Ek sou Hom graag wou gehoor het, Hom wou hoor, wat Hy gesê het dat die profete oor Homself gesê het, maar Hy het nooit gesê dit is Hy nie. Hy het hulle net deur profesie gewys. Hy het net gesê: "Die profeet het gesê dit sal gebeur." Sien?

121 Laat ons net 'n paar oomblikke teruggaan, en laat ons nou luister na die Woorde uit Homself aangehaal. Let hier op, die Woord Self wat die Woord oor Homself aanhaal. Die Woord Self haal die Woord oor Homself aan. Sê hulle nie dat Hy dit is nie, maar laat net die Woord vir Sigself spreek, dan weet hulle Wie Hy is. Die letter van die Woord, haal die Woord aan in. . . Die Woord in die vlees, haal die Woord van die letter aan, synde ten volle geïdentifiseer met Homself. Kyk hier, nou laat ons luister hoe Hy aanhaal. Hoe. . . Nou, ons weet dat hulle almal op hoogte was van die jongste gebeure, dit is, van die kruisiging en van die storie van die opstanding, die grafkelder, soos ons pas gelees het. Nou gaan Hy reguit oor na die Woord van profesie oor Homself. Nou laat ons net dink dat Hy dit gesê het; Hy het baie meer as dit gesê, maar hou dop.

122 Laat ons sê Hy. . . hoor Hom sê: "Blaai na Sagaria 11:12. En sou die Messias nie verkoop word, volgens die profeet, vir dertig silwerstukke nie? Julle het pas gesê dat hierdie Man vir dertig silwerstukke verkoop is. Blaai om. . ." Kry julle daardie Skrifte? Sagaria 11:12. En toe het Hy gesê: "Het julle opgelet wat Dawid in die Psalms gesê het, Psalm 41:9? Hy sou verraai word deur Sy vriende. En dan weer, in Sagaria 13:7, is Hy versaak deur Sy dissipels. En in Psalms 35:11, beskuldig deur valse getuies. Julle het pas gesê Hy is. Jesaja 53:7, was Hy stom voor Sy beskuldigers. Jesaja 50:6, het hulle Hom gegésel, het die profeet gesê. Psalms 22, Hy sou aan die kruis uitroep: 'My God, My God, waarom het U My verlaat?' Het Hy dit gedoen, eergistermiddag? Psalms 22 weer, 18, Sy klere is onder hulle verdeel. Het hulle dit gedoen? En Psalms 22:7 tot 8, verspot deur Sy vyande, die kerk. Psalms 22 weer, daar was nie 'n been in Sy liggaam om gebreek te word nie, maar 'hulle het My hande en My voete deurboor,'" het Hy gesê. Het op daardie

oomblik ongetwyfeld Sy hande agter Hom gehou. "Jesaja 53:12 het gesê Hy sou sterf tussen twee kwaaddoeners. Jesaja 53:9 het gesê Hy is by die rykes begrawe. Psalms 16:10 het gesê: 'Ek sal Sy siel nie in die hel laat nie, ook sal Ek nie toelaat dat My Heilige verderwing sien nie.' En was Maleági 3 nie die voorloper van hierdie Man gewees nie?" O, ek sou daarvan gehou het om Hom dit te hoor aanhaal. Kyk na die profesieë! Let dan op al die tipes waardeur Hy sou kon gegaan het, oor Isak, in Génesis 22, hoe God Isak voorafgeskadu het, hoe vader Abraham sy eie seun geneem het, die hout die heuwel op laat dra het, en sy eie seun opgeoffer het.

123 Dit het nou by hulle begin insink. Hy het klaar vir hulle gesê hulle is dwase om nie na die profesie vir daardie dag te kyk nie. En nou het dit begin insink, begin sien die vervulling van dit alles wat in die laaste paar dae plaasgevind het, in die laaste twee of drie jaar, die bevestigde profesie van die tydperk. Dit was toe dat hulle geweet het dat hulle gekruisigde vriend, Jesus, elke Woord hiervan vervul het. O, dit was toe dat hulle geweet het dat daardie man waarlik dié Messias was, dat—dat Hy uit die dood moes opstaan. "Die graf kon Hom nie hou nie. 'Ek sal nie toelaat dat My Heilige verderwing sien nie.' Daar's nie 'n enkele Woord van profesie wat ooit kan faal nie. En Hy het opgestaan."

124 "Dan was daardie boodskappers onder by die grafkelder vanmôre reg. Hy het uit die dood opgestaan. Hy leef. Hy is daardie Messias." Waarom? Moet dit nie mis nie. "Sy optrede, Sy bediening en alles wat Hy gedoen het, het die Woord wat die profeet gesê het sou plaasvind vir hierdie dag presies bevestig. Dit het dit gedoen." Toe het hulle geweet dit was Hy, hulle gekruisigde vriend, Jesus, wat dit gedoen het. Geen wonder hulle harte het in hulle gebrand terwyl Hy met hulle gepraat het nie. Nou het hulle ses myl gestap, en dit het soos 'n kort tydjie gevoel.

125 En hier's nog iets wat hulle gedoen het, weet julle, hulle het 'n ses-uur preek oor profesie wat bevestig word, aangehoor. Dis wat Hy met hulle op die pad gepraat het. Net sodra hulle in die pad geval het, het Hy uitgestap, want Hy was net daar by Jerusalem. Ses uur late—e . . . later, sestig furlong, was hulle daar op die pad ses myl na Emmáüs toe. Dis wat dit is. En Hy het bevestigde profesie ses uur lank gepreek. Moet my dan nie oor my drie veroordeel nie, sien. Sien? Maar let op, hulle het gepreek . . . Hy . . . Hulle het 'n ses-uur preek oor profesie wat geregverdig, bevestig word, aangehoor.

126 Nou dit het begin aand word. Julle weet, Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Dit was toe dat Hy hulle oë geopen het om te weet dat, Hebreërs 13:8, Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. In die aandtyd, word gebeurtenisse

duidelik gemaak deur die profesie. Wat plaasvind in die moderne uur kan maklik geïdentifiseer word as julle net die profesie van die uur sal glo.

127 "Ja, dwase, traag van begrip, traag om te glo (julle bly daaroor nadink), om te glo dat alles wat die profete oor die Messias gesê het, sou dit nie moes gebeur nie?" Nou, Hy het al hierdie punte nagegaan en getoon wat die profeet gesê het wat sou gebeur. Toe begin hulle verstaan. Toe het Hy gesê... gemaak asof Hy verder wou gaan. Hulle het van hierdie Man gehou. Hulle het gesê: "U, U het ons iets gegee. Ons het dit nooit gedink nie. Hy leef, êrens." Hulle het met Hom gepraat, dit nie geweet nie. So Hy...en waarskynlik het Hy treurig na hulle gekyk, en Hy het begin aanstap, maar Hy—Hy het gewag vir hulle om Hom te nooi. Dis waarvoor Hy wag vanaand, vir julle om Hom te nooi.

128 Let op, toe daardie dissipels Hom ingenooi het in hulle gemeenskap om die tafel, dit was toe dat Hy iets gedoen het net soos Hy gedoen het voor Sy kruisiging, en hulle oë is geopen. Hulle het Sy manier geken, Sy styl. Hulle het geweet wat Hy gedoen het, en Hy het dit toe gedoen net soos Hy dit tevore gedoen het. En hulle het gesê: "Dis Hy!" En hulle het vinnig opgestaan om dit uit te roep en Hy het verdwyn. En waar hulle ses uur geneem het om na hierdie preek te luister, is hulle in miskien twintig minute vlugvoetig terug om die res van hulle te vertel: "Hy het inderdaad opgestaan. Hy lewe regtig."

129 Vriende, hierdie is die vervulling van Maleági 4, Lukas 17, Johannes 15, o, soveel, Openbaringe 10, soveel profesieë wat presies op hierdie dag betrek kan word. En ook in die Boek van Markus en in Matthéüs, waar Hy gesê het hierdie groot tekens en wonders sal in die lug verskyn, en mense noem hulle pierings, vlieënde pierings, kan—kan verdwyn met die krag van snelheid van 'n gedagte, intelligensie wat kan inbeweeg. Hy kan skryf, Hy kan praat, Hy kan doen wat Hy ook al wil. Die groot Vuurkolom: "dieselfde gister, vandag, en vir altyd." En gesigte wat op die aarde kom, piramiedes van rook wat in die lug opstyg, ver bo waar daar geen humiditeit of enigiets kan wees nie, dertig myl hoog. Voorspel 'n jaar-en-'n-half voor dit gebeur het, dat dit so sou wees. Draai dan die foto en kyk Wie dit is wat neerkyk. Nie een Woord het ooit gefaal wat vertel is nie, en hier is God se geskrewe Woord, wat bevestig dat dit die Waarheid is. En dis weer aandtyd. Ek wonder of Hy vanaand sal terugkeer, deur genade, en nou iets doen soos Hy destyds gedoen het. Laat ons bid en Hom vra. Gebeurtenisse deur bevestigde profesie duidelik gemaak.

130 God Almagtig, help ons. Help ons, Liewe God, om te verstaan, om die dinge te verstaan wat ons behoort te weet, U

Woord te verstaan. En nou, Here, ons het nou preke gehoor vir byna tweeduisend jaar, die skrywe van boeke. En in hierdie laaste dae hier het dit weer reg teruggeglip, en nou is dit naby aandtyd. Die Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, en baie van hulle deur die eeue het met U gepraat, en miskien net langs die weg van hierdie groot dag wat nóg nag nóg dag was, soos die profeet gesê het, maar in die aandtyd sal dit Lig wees. Jesus het uit die graf opgestaan en aan Simon en aan die vroue verskyn, en hulle gewys dat Hy lewend was. Dit was die oggend. En toe in die aand het Hy weer teruggekom. Maar Hy het na hulle geloop gedurende die dag, hulle bestraf oor hul blindheid, maar toe het Hy Homself aan hulle bekend gemaak in die aandtyd.

131 God, kom vanaand in ons gemeenskap wat ons rondom die Woord het. God, dit word so weinig geglo vandag onder die mense, maar ek is dankbaar dat daar party is wat U geroep het en hulle tot Ewige Lewe bestem het, en U het gesê: "Almal wat die Vader My gegee het, sal kom." En nou terwyl die Aandligte skyn, terwyl U toegelaat het, Here, dat nie een profesie (uit die honderde wat uitgegaan het) ooit een keer gefaal het nie. Dan waarlik, as dit identifiseer, moet dit U wees, want geen persoon sou so akkuraat kon wees nie. Net soos die Bybel, geen mens kon skryf, nie een in die bestek van sestienhonderd jaar, deur veertig verskillende skrywers, kon skryf, en nie een fout Daarin wees nie.

Dierbare God, ek bid dat U vanaand Uself sal manifesteer, van Hebreërs 13:8, dat U dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. En die werke wat U toe gedoen het, doen U vandag. En U het dit belowe, U het gesê: "In die laaste dae, wanneer die wêreld sit soos Sodom en Gomorra, perversie." Ons kyk na hierdie seuns net soveel soos meisies, dra klere soos hulle, en—en sien die meisies probeer optree soos seuns, en sien die vroue en man in hierdie verdraaide eeu, sien seksuele aantreklikheid het 'n—'n voorwerp van aanbidding geword. Die Evangelie is uitgestoot na een kant, en naaktheid in die Laodicése kerk. O God, wat 'n uur! Kom, Here Jesus, maak Uself aan ons bekend. Want ons vra dit in Jesus se Naam.

132 Nou terwyl julle julle hoofde gebuig het, julle oë gesluit, gaan ek julle iets vra. Glo julle dat God hier is? Glo julle dat die dinge wat Dit vandag doen, is profesie wat vervul word? Glo julle dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd? Glo julle toe Hy hier was en gemanifesteer is in die vlees vir daardie dag, en die werke wat Hy daar gedoen het, moes weer in hierdie dag herhaal word? Die profeet het so gesê. Die Bybel het so gesê. Die hele Skrif moet vervul word, dit kan nie faal nie. Hoe het Hy Homself geïdentifiseer? Deur daardie Profeet te wees waarvan Moses gepraat het. Het die geheime van die harte van mense geken. Die vrou het Sy

kleed aangeraak, Hy het omgedraai en gesê: “Jou geloof het jou gered.” Toe Simon Petrus na Hom aangekom het, het Hy sy naam geken, hom gesê wie hy was, wie sy vader was. En daardie selfde lieflike Jesus is nie dood nie, Hy leef vir altyd. Eer aan God! En ek glo, nou in hierdie aandtyd, het Hy ons weer bymekaargeroep.

133 O Here Jesus, kom onder ons. Gaan ons nie verby nie. Kom, bly die hele nag by ons tot hierdie nag om is, laat ons dan môre met U gaan dat ons U kan ken in die krag van U opstanding, dat U liefde en goedheid en genade met ons kan wees. O Ewige God, skenk hierdie dinge. Ons weet dat net God alleen hulle kan skenk.

134 In die gewydheid van hierdie uur, laat ons dit sê. God, ons Vader, ons vlees is ’n swak tabernakel vir U. Maar, Here, laat U heiligmakende genade, U Heilige Gees, nou kom. Reinig ons van elke vertwyfeling en elke verwarring, elke suspisie en elke grein van skeptisisme, wat in ons mag wees, dat ons vry kan wees sonder enige twyfel; uitkom, moedig getuig soos Petrus: “U is die Christus, dieselfde gister, vandag, en vir altyd.”

135 Ons glo dat U Woord Waarheid is, Here. Laat ons net sien voor ons hierdie gebedsry begin, Here, maak Uself aan ons bekend. Soos U gesê het: “Soos dit was in die dae van Lot,” toe Abraham, daardie geroepe groep wat wag op ’n beloofde seun, Lot was daaronder aan die luister na ’n moderne Billy Graham en ’n Oral Roberts vir daardie denominasionele opset daar, as ’n nasie. Maar Abraham was ’n vertoewer sonder enige organisasie, net hierdie klein groepie wat ronddwaal deur die land wat hy sou beërwe. “En die sagmoediges sal die aarde beërwe.” Eendag, onder die skaduboom, terwyl hulle gesit, gerus het, het God neergedaal in die vorm van ’n Man. Twee engele het na Sodom toe afgegaan. En God, in menslike vlees, het bewys dat Hy was, Hy het gesê: “Abraham, waar is jou vrou, Sara?” ’n Paar dae voor dit, was hy Abram; en S-a-r-a-i, Sarai; nie Sara: “prinses” nie. En U het haar op haar prinsesnaam, die dogter van ’n koning, genoem. U het Abraham op sy naam, Abraham, ’n vader van nasies genoem. En U het gesê: “Ek gaan julle besoek.”

136 God, hoe moes daardie profeet se hart nie gespring het nie! Hy het net toe geweet Wie U is. Geen wonder hy het U voete gewas, al die kos wat hy gehad het te voorskyn gebring, en die allerbeste, dit voor U gelê nie. Hy het geweet dit is God daar. Toe het Hy gesê: “Waar is Sara?” asof Hy nie geweet het nie. En U . . .

137 Abraham het vir Hom gesê: “Hy’s in die tent . . . sy’s in die tent, agter U.”

138 En U het gesê wat gaan gebeur. En sy, in haar hart, het Daaraan getwyfel. En toe het U—U vir Abraham gesê: "Waarom het Sara dit betwyfel, in haar hart, gesê: 'Hierdie dinge kan nie wees nie'? Is enigiets te moeilik vir God?"

139 O God! Jesus, gemanifesteerde God van die Woord, U het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom," die wêreld sal in daardie toestand wees net voor die vernietiging van die Heidense wêreld, die Heidense dispensasie. Hier is ons, Sodomiete tot die kern! En dan het U gesê dat die Seun van die mens, waarna altyd verwys word as 'n "profeet" in daardie uur geopenbaar sal word. Vervul U Woorde, O God. Ons, U gelowige kinders, wag met opregte harte, om ons geloof te gee, Here, dat, wanneer ons die gebedsry het, die mense sal glo. Dis aandtyd, Vader. Laat die Aandligte van die Seun van God (Hy wat Was, en Wat Is, en Sal Kom) Homself manifesteer deur die profesie wat Hy gemaak het. In Jesus Christus se Naam. Amen.

140 Ek is nou gereed om—om vir die siekes te bid. Maar dis 'n eienaardige ding, hoedat wanneer ons hier staan. Hier staan ek nou hier 'n uitdaging tot die publiek aan die rig, en ingeskakel oor die nasie, dat God steeds God is. Hy kan nie faal nie. En wat Hy belowe, dit sal Hy doen. Hy sal nooit faal om dit te doen nie, want hy het belowe om dit te doen. Daarom kan ek plegtige vertroue plaas op wat Hy gesê het. Daarom kyk ek uit vir Sy Koms, sien ek uit dat Hy op enige tyd kan verskyn, want Hy het gesê: "In 'n uur wat julle nie dink nie," die wêreld nie dink nie: "dan sal Hy verskyn."

141 Nou, sover ek weet. . .Ek is hier in my tabernakel, en daar sit 'n paar mense hier wat ek—ek wel ken. Broer Wright, 'n paar van dié wat hier sit, dié net hier, ken ek wel. Maar daar is baie van julle wat ek nie ken nie. En ek het geen manier om te sê dat God dit vanaand sal doen nie. Ons het Hom dit sien doen vir die afgelope jare en jare, maar Hy doen dit dalk nie vanaand nie. Ek weet nie. Dit hang van Hom af. Hy is soewerein. Hy doen wat Hy wil. Niemand kan Hom sê wat om te doen nie. Hy bly alleen, in Sy wil en Sy weë. Maar omdat Hy dit beloof het, vra ek Hom om dit te doen. Nie om ons ontwil, dat ons dit nodig het nie, maar miskien om een of ander vreemdeling se ontwil, dat die Heilige Gees gesalf mag word. . .nou salwing op ons. . .nou salwing op ons. Nou, maak nie saak hoe baie Hy my salf nie, Hy moet julle ook salf, sekerlik, om te glo.

142 Nou wil ek 'n gebedsry hê, en ek wil vir die siekes bid soveel as ek kan. Nou, ons kan óf 'n ry hê, om die mense te roep en hulle hierheen te bring, 'n gebedsry en bid vir elkeen hier wat siek is, veronderstel ek, my broeders in die bediening hierheen by ons laat kom, en die hande op julle laat lê. Ons kan dit beslis doen. Óf anders kan ons ons Vader vra, Wat

die enigste Een is wat iets vir julle sou kon doen, want my hande is net ’n mens s’n soos julle mense. Maar die eintlike ding is, dit is nie die menslike hand wat dit doen nie; dis die Woord van God. Geloof in daardie Woord is dit wat dit doen. Niks wetenskapliks daaromtrent nie, dis geheel en al onwetenskaplik.

143 Daar is nie een ding wat die Christen in sy wapenrusting het wat wetenskaplik is nie. Het julle dit geweet? Liefde, vreugde, vrede, lydsaamheid, goedheid, nederigheid, sagmoedigheid, geduld, geloof, Heilige Gees, alles is onsigbaar vir die wetenskap. En dis die enigste ding wat eg en durend is. Alles waarna jy kyk kom uit die aarde en gaan na die aarde terug. Maar die dinge wat jy nie met jou oog kan sien nie, maar Dit Sigself sien verklaar, dis die wêreld van die Ewige.

144 Sal julle glo, as God Homself sou manifesteer en toon dat Hy hier lewend is, dieselfde dinge doen wat Hy in die begin gedoen het, na hierdie Boodskap, sal julle dit as julle genesing aanvaar? Mag God dit skenk. Nou ek vra enigiemand in die huis, maak nie saak wie jy is of waar jy vandaan kom nie, ek vra jou net om hierdie Boodskap opreg te glo as synde die Waarheid. Dis die Boodskap wat God in Sy Bybel het vir hierdie uur, dat Jesus Christus vanaand hier is en lewe. Nou byna . . .

145 Al julle mense weet van my, ek is net hier in die stad waar ek grootgeword het. Ek het nie eens ’n hoërskoolopleiding nie. Dis presies waar. En julle ken my al lank genoeg, ek hoop ek het voor julle geleef om julle te wys dat ek eerlik en opreg is. Ek is nie ’n huigelaar nie. Selfs my kritici sê dit nie. Hulle, hulle sê net: “Jy’s—jy’s nie ’n huigelaar nie, maar jy’s eenvoudig net verkeerd. Jy’s net onkundig verkeerd, nie moedswillig nie.” Ek dink nie ek’s onkundig verkeerd nie, want die Woord van God getuig van my Boodskap, en Dit behoort vir julle te sê Wie Dit is. En julle hoor my duidelik sê Dit is nie ek nie, so dan moet Dit Hy wees. Is dit reg? Hê dan geloof in God. Kyk hierdie kant toe, en glo God. As jy God kan glo, sal God vir jou skenk. As Hy dit kan doen soos Hy tevore gedoen het, dan is Hy steeds God. Glo julle dit?

146 Glo julle dit? ’n Dame sit hier voor my, kyk na my, trane in haar oë, opreg. Ek weet nie wie sy is nie, het haar nog nooit gesien nie. Ek is ’n vreemdeling vir jou. Dink jy God ken die geheim van jou hart, jou begeertes, of jou sonde, of wat dit ook al is? Dink jy Hy weet? Dink jy Hy sou aan my kon openbaar wat jou sonde is, wat jy gedoen het, wat jy nie behoort te gedoen het nie, of jou begeerte, wat dit ook al is? As Hy dit sou doen, sou dit jou Hom laat glo, laat weet dat dit Hy moet wees? Sal jy dit as Hy aanvaar? Dis nie jou sonde wat jou hinder nie; jy het dit bely. Maar jy wil die doop van Sy Heilige Gees hê. Jy sal Dit ontvang. Ek het Dit oor haar sien afbeweeg.

147 Dat julle kan weet dat ek na die vrou gekyk het, sy het na my gekyk, ek wil vir julle die Heilige Gees wys. Kyk hier, reg bo hierdie vroutjie wat hier sit, hier onder my voete. Toe ek dit gesê het, dis dieselfde ding wat sy wil hê, is die doop van die Heilige Gees. Glo jy dat jy Dit sal ontvang, suster? Steek dan jou hand op. Ek het nog nooit in my lewe, bewustelik, die vrou gesien nie.

148 Kyk hierdie man wat hier sit met sy kop omlaag, wat net daar sit, met sy kraag wat hom nie pas nie, ensovoorts. Jy ly aan 'n blaasprobleem. Glo jy dat God jou gesond sal maak? Steek jou hand op as jy Dit sal aanvaar. Goed, God skenk jou jou versoek.

149 Hierdie jongman wat net hier sit, wil die doop van die Heilige Gees hê. Glo jy God sal Dit vir jou gee; meneer, met jou wit smal das wat agtertoe hang? God sal dit skenk.

150 Hierdie man hier bid vir sy vrou. Sy is in 'n inrigting. Glo jy dat God haar sal genees, haar gesond sal maak? Glo jy dit? Jy kan dit kry.

151 Met jou hand bo teen jou keel, glo jy dat God daardie harttoestand wat jou hinder kan genees, daardie maagprobleem wat jy het? Jy sit daar, nou juis en ly. Is dit reg? Glo jy Hy genees jou? Dan kan jy dit kry. Amen.

152 Julle sien, Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Vra daardie mense, kyk of ek hulle ken. Nie ek nie, maar Hy wel. Amen. Kyk daardie Lig teen die kant van die muur daar, wat daar afhang reg oor 'n man wat daar sit. Hy ly weens 'n ruggraat-ongesteldheid in sy rug. Hy's nie hiervandaan nie, hy's van Georgia. Mnr. Duncan, glo met jou hele hart, God sal daardie rugprobleem genees. Glo jy met jou hele hart? God seën jou.

153 Hier's 'n man wat hier ver agter sit, met rugprobleme, wat na my kyk. Ek ken hom nie, maar dis Mnr. Thompson. Glo jy? Staan op, meneer, daaragter, sodat. . .Ek is 'n vreemdeling vir jou. Dis reg. Maar jy sit daar, biddend. Jou rugprobleem is nou genees. Jesus Christus maak jou gesond.

154 "Dit sal Lig wees net omtrent teen die aandtyd." Sien julle nie, Hy's vanaand hier! Hy's die groot EK IS. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Glo julle dit? Is julle tevrede en oortuig dat dit Jesus Christus is wat Homself bekendmaak, Homself identifiseer in profesie?

155 Moenie oor die oog bekommerd wees nie. God genees die siekes en die beproefdes.

156 Hoeveel mense wat. . .Hoeveel mense is hierbinne, siek? Laat ons julle hande sien. Lyk net asof die so 'n geruk en trek is. Het enige van julle mense gebedskaarte? Ek weet nie hoe ek julle hier gaan deurkry nie. Ek wil vir julle bid, en ek weet

nie hoe om dit te doen nie. Sien julle wat, kyk na die muur, hoe gaan ek hulle daar inkry? Wat as julle een paadjie laat vashaak? Julle het die ander een net daar geblokkeer, almal het tot stilstand gekom.

157 Hoor hier, luister na my. Het ek julle ooit enigiets in die Naam van die Here gesê wat nie uitgekom het nie? Is dit reg? Alles was altyd reg. Ek het julle nog nooit in my lewe om een pennie geld gevra nie, het ek? Nie een keer nie. Het nooit in my lewe 'n offergawe opgeneem nie. Ek is nie hier vir geld nie. Ek is nie hier om julle te mislei nie. Ek is hier om God se Woord van die uur te manifesteer. Ek het julle die Waarheid vertel, en God het getuig dat dit die Waarheid is. Nou sê ek vir julle, SO SPREEK DIE SKRIFTE, dat as die gelowige sy hande op die sieke lê, het Jesus gesê: "Hulle sal gesond word!" Glo julle dit? Dan, in die Teenwoordigheid van God, glo julle nie Hy sal dit nou doen nie?

158 Nou plaas julle hande op mekaar, en hou dit net daar vir 'n oomblik. Nou, moenie—moenie bid nie, plaas net julle hande op mekaar; daarbuite in die land. En ek, self, ek lê myself oor hierdie sakdoeke. Nou ek wil hê julle moet net 'n oomblik na my kyk. Wat het God ongedaan gelaat? Kyk hoe Hy is, wat die Woord wat ons gelees het, die profesieë waarvan ons vertel het, dat Jesus Homself deur die profesieë geïdentifiseer het. Nou kyk na die uur, en hierdie laaste drie weke waarin ons die uur geplaas het waarin ons lewe. Kyk na wat ons gelees het, hoe van die vals profete en tekens wat die uitverkorenes byna sou mislei. Hoedat die Woord gemanifesteer is, hoe die god van hierdie eeu die leuen verblind het, harte van mense. En hoedat God Self gesê het deur Sy profesieë dat hierdie dinge in hierdie Laodicése Tydperk sal plaasvind. Daar is niks ongedaan gelaat nie. God is hier net dieselfde God wat met daardie mense by Emmáüs gepraat het, wat Homself geïdentifiseer het deur die profesieë wat van Hom voorspel is, Hy identifiseer vanaand hier Sy Teenwoordigheid deur die profesieë wat vir hierdie tydperk voorspel is. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Kan julle dit glo? Lê dan julle hande op mekaar. Moenie vir julleself bid nie, maar bid op julle eie manier vir daardie persoon waarop julle julle hande het, want hulle bid vir julle. Nou kyk, moenie twyfel nie.

159 En nou as julle kon sien waarna ek kyk! En julle weet ek sou nie hier staan en vir julle lieg nie. As julle kon sien, en julle geloof kon daardie groot Heilige Gees trek wat oorkant in die—die lug geseil het, waarvan die wetenskap foto's geneem het, en Dit sien beweeg deur hierdie gebou en net probeer om 'n plek te kry om te—te land, probeer om 'n ankerplek te vind. Glo Dit net, my broer. Hy het dit deur die Skrif ensovoorts geïdentifiseer, dat dit reg is. Nou bid met opregtheid vir daardie persoon op wie julle jul hande het; hulle bid vir julle.

160 Dierbare Jesus van Násaret, want ons is bewus, Here, deur die Woord, dat U hier is, deur die belofte dat U hier is: "Waar twee of drie ook al vergader in My Naam, daar is Ek in hulle midde. En vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg; as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Uit oor die golwe van hierdie telefoon, mag die groot Heilige Gees in elke gemeente ingaan. Mag dieselfde Heilige Lig waarna ons net hier in die kerk kyk, mag Dit op ieder en elk val, en mag hulle op hierdie tydstip genees word. Ons bestraf die vyand, die Duiwel, in die Teenwoordigheid van Christus; ons sê aan die vyand dat hy verslaan is deur die—die plaasvervangende lyding, die dood van die Here Jesus en die triomf-opstanding op die derde dag; en Sy bewysde getuienis dat Hy vanaand hier onder ons is, lewend, na negentienhonderd jaar. Laat die Gees van die lewende God elke hart met geloof en krag vul, en genesende krag van die opstanding van Jesus Christus, Wat nou deur hierdie groot Lig geïdentifiseer is wat in die kerk sirkuleer, in Sy Teenwoordigheid. In die Naam van Jesus Christus, skenk dit tot die heerlikheid van God.

161 Mag hierdie sakdoeke waaroor ons bid, mag hulle na die siekes en die beproefdes gaan waarvoor hulle bedoel is. Mag dieselfde Heilige Gees wat Homself nou hier identifiseer, Homself identifiseer op elke pasiënt waarop dit gelê word. Mag die Teenwoordigheid van God hulle hart so vervul met geloof dat die siekte van hul liggaam genees sal word. Dit vra ons, tot die heerlikheid van God, in die Teenwoordigheid van Jesus Christus en in die Naam van Jesus Christus waar ons, die diensknegte van Jesus Christus dit vra. Amen.

162 Nou uit julle harte, ek gee nie om wat met julle verkeerd was nie, kan jy, uit jou hart, met jou hele hart glo dat die Woord van God jou jou versoek toegestaan het? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek meen dat elke hand, sover ek kon sien, opgegaan het. As jy dit glo, onthou nou, dit is verby.

163 Julle daarbuite op die telefoondrade, as julle met julle hele hart geglo het, soos wat die predikers hulle hande op julle lê, en julle geliefdes hande op julle lê, as julle met julle hele hart glo dat dit verby is, is dit verby. Die groot Heilige Gees, Hy's vanaand hier in die tabernakel. Ek het Hom oor die mense sien beweeg, het Homself hier op die kant van 'n muur vertoon, en het afgegaan op 'n man, hier afgekom en op deur die gebou, die geheime van die harte bekendgemaak, die identifisering van Sy Teenwoordigheid, om te wys dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Hy is in ons midde! Hy's God, die God wat nooit faal nie.

164 En het ons harte nie in ons gebrand nie, en brand dit nie nou nie, om te weet ons is nou in die Teenwoordigheid van die opgestane Jesus Christus, aan Wie heerlikheid en

lof sy tot in ewigheid; Wat is na die uitdruklike beeld van die Almagtige Jehova; Wat afgeseil het in die vorm van 'n Vuurkolom in 'n brandende bos, om die aandag van 'n profeet te trek; Wat neergedaal het op die berg, en enigeen wat dit selfs net aangeraak het, moes doodgemaak word, behalwe Moses en Josua. Hoe dit was dat Hy die kinders van Israel deur die woestyn gelei het, op hulle reis, as 'n tipe van die uitgeroepe mense vandag. Hier is Hy, deur wetenskaplike navorsing, het Homself selfs voor die wetenskap geïdentifiseer. En deur Sy einste dade en deur Sy einste profesie, is die dinge wat geprofeteer is van Hom om in hierdie dae te doen, om Hom dieselfde gister, vandag, en vir altyd te maak, volmaak bevestig. Is dit nie genoeg om ons harte in ons te laat brand nie? God seën julle.

165 Laat ons nou eensgesind staan en sê: Ek neem Jesus Christus nou aan as Verlosser en Geneesheer. [Gemeente sê: "Ek neem Jesus Christus nou aan as Verlosser en Geneesheer."—Red.] En deur Sy genade, ["En deur Sy genade,"] van hierdie uur af voortaan ["van hierdie uur af voortaan,"] O God, ["O God,"] laat geen ongeloof ["laat geen ongeloof"] ooit in my hart inkom nie, ["ooit in my hart inkom nie,"] want ek het gesien ["want ek het gesien,"] die profesie ["die profesie"] van hierdie dag ["van hierdie dag,"] vervuld ["vervuld."] Ek glo ["Ek glo"] dat Jesus Christus ["dat Jesus Christus"] leef ["leef"] en nou hier ["en nou hier"] Sy Woord bevestig ["Sy Woord bevestig"] van hierdie uur. ["van hierdie uur."] Die profesieë ["Die profesieë"] wat van Hom geskryf is, ["wat van Hom geskryf is,"] is nou in ons midde vervul. ["is nou in ons midde vervul."] Hy is my Verlosser, ["Hy is my Verlosser,"] my God ["my God,"] my Koning, ["my Koning,"] Alles vir my. ["Alles vir my."]

166 Dierbare God, hoor ons getuienis. En gee vir ons, dag vir dag, die Brood van die Lewe. En ons bied aan U, O God, lof uit die dieptes van ons hart. Ons loof U, die Magtige Een, die God van die profete. In Jesus Christus se Naam. Amen.

O, watter oomblik, watter tyd!

> . . . glo net;
> Glo net, ja glo net,
> Alles is moontlik, glo net.

Kan ons dit so sing.

> Noudat ek glo, o, noudat ek glo,
> Alles is moontlik, noudat ek glo;
> Noudat ek glo, o, noudat ek glo,
> Alles is moontlik, noudat ek glo.

Is dit ons getuienis? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou soos ons ons hoofde buig.

Weer ontmoet! weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet;
Weer ontmoet! Weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

[Broer Branham begin *God Sy Met Jou* neurie, dan sê hy vir Broer Neville—Red.] Wil jy iets sê? Vayle.

. . . aan Jesus' voet;
Weer ontmoet! Weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

167 Met ons hoofde gebuig, Broer Vayle staan hier om met gebed af te sluit. Broer Lee Vayle, hy's 'n skrywer hier vir die tabernakel, van die literatuur en boeke, ensovoorts. Baie kosbare broer, hy was saam met my op baie veldtogte. Wens ek het 'n kans gehad om elke prediker te laat, hulle hierbo te kry en met hulle te praat. Julle verstaan, ek is seker. Elke prediker, ons is bly om julle hier te hê. Al die lekebroers, die mense van verskillende kerke, wat nog, ons is bly om julle hier te hê. En dis waarlik ons gebed vir mekaar: "God sy met jou tot ons weer ontmoet." Met ons hoofde gebuig, en ons hande omhoog, laat ons dit weer werklik mooi vir God sing.

Weer ontmoet! weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet!
Weer ontmoet! weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

*GEBEURTENISSE DEUR PROFESIE DUIDELIK GEMAAK* AFR65-0801E
(Events Made Clear By Prophecy)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 1 Augustus 1965, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org